Die Harte van die Vaders

en die Harte van die Kinders

Amanda Buys se Geestelike Dekking

Hierdie is ‘n produk deur *Kanaän Bedieninge*, ‘n nie-winsgewende bediening onder die dekking van:

- Roly, haar eggenoot vir meer as 35 jaar.

- *River of Life Family Church*
  Pastoor Edward Gibbens
  Vanderbijlpark
  Suid-Afrika
  Tel: +27 16 982 3022
  Faks: +27 16 982 2566
  E-pos: sharmain@rolfc.co.za

Daar is geen kopiereg op hierdie materiaal nie. Geen gedeelte van hierdie materiaal mag egter gereproduseer en/of aangebied word vir **persoonlike** gewin nie. Alle regte van hierdie materiaal word voorbehou om die Koninkryk van die Here Jesus Christus **ALLEENLIK** te bevorder.

Vir verdere inligting of die plaas van ‘n bestelling, kontak ons asb. by:

Posbus 15253
Panorama
7506
Kaapstad
Suid-Afrika

John Vorsterrylaan 27
Plattekloof Uitbr. 1
Panorama 7500
Kaapstad
Suid-Afrika

Tel.: +27 (0) 21 930 7577
Faks: 086 681 9458
E-pos: kanaan@iafrica.com
Webblad: www.kanaanministries.org
Kantoorure: Maandae tot Vrydae, 9 VM – 3 NM

Kanaan In Europa - Basel

Kanaan Ministries Europe
Oikos International Church
Stiftung b/e/t/e/
Reinacherstrasse 1-3
CH-4142 Münchenstein
Basel, Switzerland
Telefoon: +41 (0) 61 332 15 40
Faks: +41 (0) 61 332 15 69
E-pos: kanaanministries@bete.net
Webblad: www.eu.kanaanministries.org

Inhoud

Inleiding 3

1. God se Ontwerp 5

2. Verwonding van Kinderharte 9

3. Verstaan hoe Kinders ontwikkel 15

4. Verstaan hoe Kinders leer 18

5. Fisiese Behoeftes 21

6. Behoefte aan Beskerming 27

7. Emosionele Behoefte aan Vertroeteling 31

8. Bybelse Standaarde vir Emosionele Behoefte aan Vertroeteling 38

9. Leer jouself die Waarheid 42

Inleiding

Definisies

1. **<u>Afhanklikheid</u>**

    - Dit is wanneer jy nodig het dat ander persone dinge aan jou voorsien, wat jy nie aan jouself kan voorsien nie, soos in die geval van babas, kinders, siekes, ou mense, ens.
    - So ook Christene wat die omvang van hul behoefte vir Christus besef. Ons erken Sy reg en verantwoordelikheid om ons te lei, aan ons behoeftes te voorsien en om ons eendag 'huis toe' te neem. Ons diepste behoeftes en verlangenis is in Sy Hand; Sy planne is in ons harte. Inderwaarheid veroorsaak ons afhanklikheid van God dat ons reageer en die rol aanvaar wat Hy in ons vervul as ons Hemelse Vader in ons mees intieme verhouding.

2. **<u>Onafhanklikheid</u>**

'n Persoon ervaar geen behoefte om sy hart, siel, verstand en kragte oop te stel vir enigiemand nie. Hy roep slegs na God in krisistye, maar nie as daaglikse vriend, leier of outoriteit nie.

Ander word net toegelaat om naby genoeg te kom om gebruik te word, maar word kort duskant intimiteit gekeer = meedeling van self.



<u>RESULTAAT</u>: EENSAAMHEID EN ISOLASIE

3. Interafhanklikheid

- Dit word gevind in gesonde verhoudinge van alle soorte.
- Jy erken die emosionele behoefte aan intimiteit en geniet die gemeenskaplike voordele daarvan.
- Dit erken ‘n gesonde behoefte aan ander, maar weet wanneer om te laat gaan.
- Hierdie konsep is goed tussen mense wat in verhouding staan met mekaar, maar moenie toegepas word in hul verhouding met God nie.

1. God se Ontwerp

PS.71: 5-6 Want U is my verwagting, Here Here, my vertroue van my jeug af. Op U het ek gesteun van die geboorte af, van die moederskoot af is U my bevryder; oor U is my lof altyddeur.

1. Het God ons geskape om afhanklik van Hom te wees?
2. Hoekom is dit so moeilik?
3. Hoekom voel dit by tye asof Hy so ver en afsydig is?

Die Wêreld se siening

'n Behoefte dui op 'n gebrek;
'n gebrek veroorsaak 'n swakheid;
'n swakheid veroorsaak dat dat veragting intree -
dit lei na 'n vlak van selfveragting.

Die Waarheid

Om swakheid en afhanklikheid te erken, is om menslikheid te erken; 'n kenmerk van menswees is om behoeftig te wees.

As ons **onafhanklik** is, benodig ons slegs daardie dinge wat onpersoonlik is, omdat ons gekondisioneer is om afhanklikheid te minag.

Baie van ons het mure om ons gebou om onsself te beskerm, maar die deurdringende realiteit van ons skaamte, veroorsaak dat ons bewe van vrees.

Ons sal iemand of iets kies om ons verlangenis en onversadigbare begeertes te voed. Hierdie verlangenis en begeertes sal egter nooit weggaan nie, omdat God hulle geskape het om binne ons te lewe.

Ons moet op God vertrou om ons te leer om afhanklikheid lief te hê en om ons eie vrugtelose pogings te verag om onafhanklik van Hom te wees. Die keuse om afhanklik te wees, vereis dat ons ons eie rigting en beheer sal aflê. Dit benodig ‘n vertroue in ‘n God wat baie goed is vir diegene wat Hom liefhet, maar wat Sy gesig wegdraai van húlle wie Sy vyande is.

Areas waarna gekyk kan word om God se weë te verstaan

1. God se standaard vir die voorsiening van basiese sekuriteitsbehoeftes op die gebied van fisiese, emosionele, geestelike en intellektuele ontwikkeling; m.a.w.: wat benodig ons om gesond te ontwikkel?
2. Wie is veronderstel om in hierdie behoeftes te voorsien?
3. Wat gebeur as, deur verwaarlosing of misbruik, hierdie behoeftes nie vervul word nie?
4. Hoe moet ons genees as ons basiese behoeftes nie vervul is nie?
5. God se reaksie en oplossing vir al hierdie vrae.

Ons benodig ‘n bron wat ons sal help verstaan hoekom ons as volwassenes ‘n stryd het; ‘n bron wat nuttig sal wees as ‘n Bybelse standaard in ons eie genesingsproses, sowel as een om te gebruik terwyl ons besig is om ons eie kinders op te lei.

Die feit is dat die meeste ouers, insluitende Christene, herhaal wat aan hulle geleer is, selfs in daardie areas waar hulle persoonlike pyn ondervind het.

Om gewoontes te verbreek wat oor geslagte heen kom, het ons nodig om nie alleenlik Bybelse oplossings te verstaan nie, maar ook hoe ervarings uit ons eie vroeë ontwikkeling bydra en ‘n invloed uitoefen op die res van ons lewens. Om te genees, moet ons Hom vertrou. Om te vertrou, moet ons afhandel met die redes waarom ons niemand vertrou nie en gewillig wees om beheer oor te gee.

Om beheer oor te gee, moet ons gewillig raak om toe te laat dat iemand anders ons eindbestemming voorskryf; iemand, wat ons glo ons in die steek gelaat het toe ons Hom die meeste nodig gehad het. Om te genees, beteken ons laat sak ons mure van selfbeskerming en laat Jesus toe om ons te restoureer op Sy eie manier. Om dit te kan doen, moet ons Hom sien as Iemand wat veilig is.

Die meeste mense wat emosioneel geskend is as kinders, glo dat niemand veilig en betroubaar is nie. As gevolg hiervan, laat slagoffers van kindermishandeling of verwaarlosing baie selde toe dat die Een wat hulle die meeste nodig het, in hul brose harte kan werk.

Ongelukkig is baie van ons steeds wêrelds en soek na vinnige oplossings en 'n nuwe verdowingsmiddel vir ons beskadigde siele; of ons probeer om ons onversadigbare behoeftes te vervul deur ander mense.

Onvervulde verwagtinge word 'n lang lys, met elke volgende verlies wat bydra tot die verharding van die muur van selfbeskerming en dit verdiep ons afstomping.

As gevolg van God se groot goedheid en tere liefde kan ons 'n vlak van emosionele genesing beleef wat ons sal toelaat om Hom waaragtig te leer ken en Hom lief te hê uit die diepte van ons harte. Dit is nie nodig om slagoffers of oorlewendes te wees nie; ons kan dienaars en kinders van ons wonderlike God wees! In plaas daarvan om na binne te fokus om krag te kry, sal ons uitroep na Jesus vir hulp in ons tyd van nood sodat Hy ons swakhede kan omhels (Heb.4: 14-16).

Ons verhoudinge sal verbeter, nie alleen a.g.v. nuwe grenslyne wat ons gestel het nie, maar ook a.g.v. **gehoorsaamheid** aan Bybelse waarheid; 'n gehoorsaamheid wat sal vloei uit ons opregte liefde en verhouding met die Here.

2. Verwonding van Kinderharte

Gedurende die afgelope jare het dit duidelik geword dat die enkele grootste oorsaak van probleme wat ondervind word in die volwasse lewe teruggespoor kan word na die oorspronklike gesin.

Pynlike gebeure van die verlede laat diep wonde en vretende emosionele seerplekke. In die meeste gevalle is die gevolg van kinderdae trauma sigbaar in ongelukkige huwelike, gesinsverdeling en gespanne verhoudinge.

'n Berader kan mense help om te verstaan wat die wortels van hul probleme is en saam met hulle werk aan 'n stelselmatige plan van genesing en herstel. Die soeke na die wortels, lei onvermydelik deur 'n doolhof van ontkenning, pyn, woede en hartseer.

Die rou emosies van **woede** word duidelik soos wat elke laag van mishandeling verwyder word. Daar is twee fasette gekoppel aan die blootstelling van hierdie duisternis:

1. 'n **Eksterne element** wat gesien kan word en wat in die fisiese realm opereer.
2. Dan, minder opsigtelik, maar duidelik meer gevaarlik, is die duisternis wat voorkom in die **geestelike realm** van skepping.

Fisiese Oorlogvoering

Daar is geen manier om die skade te bereken wat aan kinders gedoen word in die areas van emosionele en fisiese mishandeling, tesame nog met die verwonding wat plaasvind by seksuele mishandeling nie.

'n Geweldige groot struikelblok op die pad na herstel is om verby die wettiese, godsdienstige teologie te kom wat mense verbied om eerlik deur die wonde van die verlede te werk. In plaas daarvan word 'n oombliklike keuse van vergifnis aanbeveel.

Ware genesing vereis dat ons met ‘n oop gemoed na ons pyn sal kyk, sal toegee en ons toewy aan ‘n **vergifnisproses** en dan bid vir die moed en oortuiging om die moeilike ding te doen – te VERANDER!

Ongelukkig slaag die Christen-gemeenskap nie altyd daarin om die wortels te identifiseer nie, grootliks a.g.v. ‘n teologie wat die ‘opgrawe van die verlede’ in dieselfde lig beskou as om op heilige grond te stap! Ons het probeer om die pyn weg te bid, geglo dit sal weggaan as ons geloof sterk genoeg is, ons het dit weggepak – en nog steeds ly ons – kwaad en ontnugter.

SPR.19:3 ‘n Mens se sotheid bederwe sy weg, maar sy hart is vertoorn op die Here.

Geestelike Oorlogvoering

Satan se plan

- Satan se tydelike koninkryk is van die wêreld (Joh.12:31; 2 Kor. 4:4).
- Sy oorlogvoering is hoofsaaklik teen God (Jes.14: 13-14).
- Dit sluit die mensdom in (Joh.13:27).
- Maar dit word uitgespeel in die geestelike realm (Efes.6: 12-13).
- Hy is verbloem as ‘n engel van lig (2 Kor.11:14).
- Sy doel is om angs, twyfel, vrees en paniek te skep (1 Pet.5:8).
- Hy teister ons soos met dorings (2 Kor. 12:7) met aanhoudende frustrasies, knaende probleme, ontmoediging, ens.
- Hy verblind ons vir die Waarheid (2 Kor. 4:4; 11:3).
- Hy versoek ons met verleidings (Efes.4: 26-27).
- Hy val ons aan met woorde (Jak. 3: 6-10).
- Hy skep onverskillige beskuldigings (Open.12:2).
- Blamering (Judas 16).

- Kritiek (Hand.11:2).
- Kwaadpratery (Efes.4:31).
- Skinder (Rom.1: 28-32).

Satan buit ‘n hoogmoedige menslike natuur uit wat daarna streef om “soos God te wees”, wat eintlik die begeerte het om onafhanklik te wees van die Here, in beheer van sy eie bestemming.

Intimiteit met God vra van ons ‘n gewillige onderworpenheid aan Hom, asook ‘n opregte gehoorsaamheid (Fil. 2:8; Jes. 66:2). Satan poog doelbewus om die siele van jong kinders aan te val, en probeer om hul begrip van God te verdraai, van Sy karakter en Sy weë. Satan soek daarna om ons van God te skei d.m.v. baie planne. Hulle sluit in:

- Afgode (verslawings).
- Illusies (verkeerde denke).
- Onopgeloste bitterheid uit die verlede.
- Verkeerde prioriteite (mense, werk, ontspanning, ens.).
- Die gebruik van enigiets wat ons harte kan wegdraai van, i.p.v. na die Bybelse waarhede.

Gelowiges is moeg om “voor te gee totdat jy dit kan maak”. Hulle kan nie verstaan waarom, na jare van gesonde Bybelse lering, hulle nog steeds sukkel om iets vir die Here te voel, laat staan nog vir iemand anders. Ver onder die oppervlak, versteek agter mure van selfbeskerming, lê die waarheid.

Bring tyd dan nie genesing nie?

Waarom kry ons dan nie dinge in perspektief en gaan voort nie?

Hoekom kry ons dit dan nie reg om te vergewe en te vergeet soos ons geleer is nie?

Kinders het nie genoeg kennis, volwassenheid en innerlike krag om alleen te staan teen die bose nie. Hulle is afhanklik van hul versorgers om hulle te beskerm teen die oorlogvoering en om vir hulle skuiling te bied teen die storms van die lewe totdat hulle self ontwikkel het.

Wanneer Satan dit regkry om ouers te beïnvloed om die lewe wat God ingestel het te verontagsaam, en, geslag na geslag hul gedagtes oor God te verdraai, is die fondasie klaar gelê vir selfgesentreerde misbruik en aggressie teenoor kinders.

Dissosiasie / Emosionele afgetrokkenheid

God het 'n metode ontwerp om die klein sieletjies van kinders ongeskonde te hou wanneer hulle misbruik word. Hierdie proses word genoem *dissosiasie / skep van veelvoudige persoonlikhede / emosionele afgetrokkenheid/wegkruiping*.

Mense kan hulself emosioneel distansieer van die trauma wat hulle ondervind. Sulke distansiëring kan plaasvind na een pynlike insident, of as gevolg van aanhoudende langtermyn misbruik. Die mishandelde kinders "verdwyn" en gaan kruip weg binne hulself; hulle stomp hulself af. Die vermoë om emosionele volwassenheid te ontwikkel het gesterf en, vir sommige, is uitgewis a.g.v. die trauma. Lank nadat die mishandeling opgehou het en die vervolger nie meer daar is nie, is die gewonde slagoffer nog nie in staat om weer emosioneel kontak te maak nie. Selfs terwyl die liggaam en verstand voortgaan om te ontwikkel, is die individu emosioneel gevries, gewond en onvolwasse. Gewoonlik gaan soek die slagoffer hulp a.g.v. intense woede of depressie.

Satan mik doelbewus op die harte en siele van klein kindertjies, omdat misbruik die mees vernietigende wapen is wat hy kan gebruik om hulle skade aan te doen. Gedurende die vroeë ontwikkeling word jong harte en verstande grootliks beïnvloed deur die gebeure en boodskappe wat hulle ervaar.

Omdat hulle onvolwasse en onmagtig is om hierdie ondervindinge rasioneel te analiseer, aanvaar kinders hierdie verdraaiings van misbruik as ‘n konkrete feit. Satan weet ook dat die lesse wat in die kinderjare geleer word, moeilik is om te ontwortel, selfs al word dit in die latere lewe ontmasker.

Gevolglik is dit vir hom moontlik om verwoesting te saai in die lewens van klein kindertjies op so ‘n wyse dat dit hul vermoëns om te vertrou of om te waag in verhoudings, neutraliseer – daarom wen hy baie keer. Gewond en dikwels met ‘n gevoel van verraaiing, worstel slagoffers van kindermishandeling en -verwaarlosing dwarsdeur hul lewens om emosionele intimiteit suksesvol te hanteer.

Hulle voel soos “slegte” mense en hulle kan nie verstaan hoekom God nie die misbruik keer nie, dus kom die kind tot die gevolgtrekking dat God ook glo dat hy/sy sleg is en nie vir hom/haar liefhet nie. Dit skep innerlike verwarring en selfdevaluasie. Die kind voel verworpe en angstig en leer om almal te wantrou.

Ten einde pynlike gevoelens van “slegheid” en realiteit te ontvlug, skep die kind ‘n innerlike fantasiewêreld wat veilig is, wat nogtans dikwels beskryf word as hartseer en eensaam. Wanneer hierdie mense volwasse Christene word, is dit vir hulle die maklikste om liewer reëls aan te hang as verhoudinge. Hulle hou ander mense dop om “normale optrede” te leer, en probeer desperaat om dit “reg te kry”, terwyl hulle hoop om God se liefde te verdien, wat hulle nie werklik voel nie.

Hulle glo dat hulle onwaardig is en hierdie slagoffers word introspektiewe, vreesagtige mense. Hulle het selde ‘n hart om geloof met ander te deel wat hulle self nie ervaar nie.

Uiteindelik moet ons die leuens konfronteer wat ons geglo het en die Waarheid omhels. Laat ons ons oë oopmaak vir die Waarheid en vir God vra om aan ons te wys hoe Satan ons siele beskadig het. Laat ons dan onderneem om die grondgebied in ons harte terug te neem wat die vyand gesteel het en ons daaraan toewy om die Waarheid te glo en te doen.

God het Sy skepping grootliks so ontwerp dat dit deur ‘n proses moet gaan van fase-verwante groei: of dit nou ‘n blom is wat blom of ‘n skoenlapper wat uit ‘n kokon kom, dit is God se meesterplan dat ons almal ontwikkel op ‘n sistematiese manier. Indien traumatiese gebeure ‘n kind weerhou om die noodsaaklike vaardighede wat nodig is vir al die verskillende stadiums, aan te leer, word die kind se groei belemmer, dikwels onbepaald.

Vrae

- Het ek die take geleer wat nodig was om te ontwikkel?
- Was daar enige trauma wat my emosionele groei verhinder het?
- Probeer ek steeds om behoeftes vervul te kry wat aan my voorsien moes word het toe ek ‘n kind was?

3. Verstaan hoe kinders ontwikkel

ESE.16:7 Ontelbaar, soos die uitspruitsels van die veld, het Ek jou gemaak! En jy het gegroei en grootgeword en die hoogste bloei bereik…

Dit is vir babas en klein kindertjies baie belangrik om veilig te voel, omdat hulle nie oor die vermoë beskik om vir hulself te sorg nie. Beskerming en afhanklikheid van 'n liefdevolle ouer of versorger, bepaal die fondasie vir toekomstige verhoudinge.

Kernoortuigings

'n Kind kom in hierdie wêreld as 'n leë, klein houertjie, gereed om gevul te word met inligting en ondervindinge. Ontwikkelingsielkundiges glo dat soveel as 85% van 'n kind se persoonlikheid gevorm is teen die ouderdom van sewe jaar. Dit beteken dat die grootste deel van wat kinders oor die lewe en verhoudinge glo, voor die ouderdom van tien jaar gevorm word.

Hierdie vroeë jare is ook die tydperk in die ontwikkelingsfase wanneer kinders die minste volwasse is en dus die vatbaarste vir leuens, verdraaiings en misleiding. Die meeste kinders ontwikkel nie die vermoë om inligting kognitief akkuraat te analiseer voor die ouderdom van 11 tot 15 nie.

Kernoortuigings is basiese waardes wat ons as feite aanvaar. Hulle is selde rasioneel, maar altyd kragtig!

Voorbeeld

Indien Ma of Pa of enigiemand anders die kind mishandel, het hy/sy nie die vermoë om die korrekte reaksie te toon nie, omdat hy/sy dit nooit geleer het nie. In plaas daarvan, het 'n kernoortuiging ontwikkel dat mishandeling normaal is en hierdie oortuiging word die standaard waaraan alle ondervindinge gemeet word. Die gevolgtrekking is dat daar nie veiligheid by mense is nie, ook nie in sy/haar omgewing nie; daarom is niks veilig nie.

Elke ontwikkelingsfase bring die vermoë om nuwe take en vaardighede te leer. Slagoffers van kindermishandeling of -verwaarlosing vermy altyd emosionele nabyheid en het geen begrip van emosionele intimiteit nie.

Om te waag om verhoudinge aan te knoop, of in ander gevalle, moet die kind leer om te **vertrou**. 'n Groot gedeelte van navorsing stel voor dat 'n onvermoë om te vertrou voor die ouderdom van twee erge skade aan 'n kind se emosionele ontwikkel kan rig. Vreesgebaseerde kinderontwikkeling produseer altyd emosioneel onvolwasse grootmense.

Verwaarlosing

Passiewe misbruik behels dat die ouer/s nie daarin geslaag het om die noodsaaklike vertroeteling en liefde te voorsien wat nodig is vir die kind om groot te word en emosioneel te ontwikkel nie.

Persoonlike oorsig deur en interaksie met die ouers is krities noodsaaklik. Ons slaag dikwels nie daarin om emosies te verstaan nie, en dit is omdat ons hulle nie kan sien nie.

Gevolge van Verwaarlosing en Misbruik

- Bed natmaak.
- Herhaaldelike nagmerries.
- Woede-uitbarstings.
- Onttrekking.
- Tienerselfmoord.
- Depressie, ens.

Soos die gewonde kind fisies groei, word sy/haar onvervulde behoeftes selfgesentreerd en ontoegeeflik. Aangedryf deur teenstellende motiewe, gaan die volwasse kind deur een verhouding na die ander, en wil altyd te veel hê, maar is nie in staat om genoeg terug te gee nie. ‘n Desperate verlange na iets wat die kind nie verstaan nie, veroorsaak die emosionele leegheid wat die hart laat afstomp en onttrek. Uiteindelik word die volwassene moeg van hierdie stryd en skik homself in ‘n lewe van emosionele isolasie en selfveragting.

Om te genees, moet ‘n persoon terugkeer na daardie plekke in sy/haar emosionele ontwikkeling waar trauma hierdie ontsporing veroorsaak het. Dit kan moeilik wees om hierdie spesifieke plek self te vind, veral as kinderherinneringe vaag of onwerklik is, soos wat die geval wel is met baie volwasse slagoffers (lees *Things your Mother never told You / Dinge wat jou Ma jou nooit vertel het nie*).

4. Verstaan hoe kinders leer

DEUT.4: 1, 2, 9, 10 Luister dan nou, Israel, na die insettinge en die verordeninge wat ek julle leer om te doen, sodat julle mag lewe en inkom en die land wat die Here, die God van julle vaders, aan julle sal gee, in besit mag neem. Julle mag by die woord wat ek julle beveel, niks byvoeg nie, en julle mag daar niks van weglaat nie; sodat julle die gebooie van die Here julle God mag onderhou, wat ek julle beveel.
Neem jou net in ag en wees terdeë op jou hoede, dat jy die dinge nie vergeet wat jou oë gesien het nie, en dat hulle uit jou hart nie wyk al die dae van jou lewe nie; en jy moet dit aan jou kinders en jou kindskinders bekend maak: die dag dat jy voor die aangesig van die Here jou God by Horeb gestaan het, toe die Here aan my gesê het: Vergader die volk vir My, en Ek sal hulle my woorde laat hoor, dat hulle kan leer om My te vrees al die dae wat hulle op die aarde lewe, en dit aan hulle kinders kan leer.

God het aan ons lewensbeginsels gegee wat die volgende tot gevolg sal hê: fisiese gesondheid, voorspoed en liefdevolle verhoudinge. Die Skrif is duidelik en vol van beginsels vir ouers wat die fondasie voorsien hoe om ‘n lang, vervulde lewe te skep. God se argitektoniese ontwerp vir afhanklikheid was nog altyd ‘n integrale deel van Sy meesterplan.

Onderrig as ‘n vereiste vir groei, stel ‘n uitgangspunt dat kinders sekuriteit kan beleef indien hulle ontwikkel met ‘n helder, volgehoue oortuigingsisteem wat vir hulle moontlik is om te volg. Terselfdertyd toon dit ook dat dít wat kinders gedurende hul eerste jare leer, hulle aan vashou as volwassenes. Ouerlike opvoeding en leefstyl wat God reflekteer en verteenwoordig, is krities noodsaaklik vir gesonde groei en kinderontwikkeling.

God het begin om ‘n fondasie van Waarheid te bou. Deur die Tien Gebooie het Hy ‘n mandaat gestel vir hoe Sy kinders in verhouding met Hom en ander moet staan.

Later het Hy boustene van morele beginsels bygevoeg wat nie alleen rigting moet aandui nie, maar ook die gevolge toon indien dit nie nagekom sou word nie (Deut. 28). Hy het geweet dat swak of "kompromiestene", indien hulle weggesteek sou bly, die hele gebou kan en sal laat tuimel.

Indien ons die Christelike en familiewaardes, soos geleer deur God, wil herstel, moet ons bereid wees om die Skrif met al Sy Bybelse bepalings en voorskrifte baie toegewyd te gehoorsaam.

Die Skrif ondersteun twee hoofkonsepte betreffende die opvoeding van kinders. Eerstens sien ons dat God ouers persoonlik voorskryf en dat Hy leiding en toesig bied. Tweedens sien ons ouers wat beveel word om God se voorbeeld te volg.

PS.25: 1, 2, 4, 5, 8-10, 12, 13 Tot U, O Here, hef ek my siel op. My God, op U vertrou ek; laat my nie beskaamd staan nie; laat my vyande oor my nie juig nie.
Here, maak my U weë bekend; leer my U paaie. Lei my in U waarheid en leer my, want U is die God van my heil. U verwag ek die hele dag.
Die Here is goed en reg; daarom sal Hy sondaars leer aangaande die weg. Hy sal die ootmoediges lei in die reg en die ootmoediges sy weg leer. Al die paaie van die Here is goedertierenheid en trou vir die wat sy verbond en sy getuienisse bewaar.
Wie tog is die man wat die Here vrees? Hy sal hom leer aangaande die weg wat hy moet kies. Hy self sal vernag in die goeie, en sy nageslag sal die land besit.

Nederigheid is 'n noodsaaklike kwaliteit wat iemand moet besit om God se genade en rigting te ondervind (Spr.15:33; 18:12).

Die vrees (of respek) van die Here – wat gewillige onderwerping beteken – is noodsaaklik vir alles wat werklik betekenisvol is.

Die **hoofverantwoordelikheid vir die opvoeding van kinders word op die vaders** geplaas (Deut. 4,6; Spr. 4), alhoewel verskeie gedeeltes kinders terselfdertyd aanmoedig om te luister na die opdragte van hul moeders (Spr. 1:8; 30:17; 31:1, 26).

PS.78: 1-8, 10 My volk, luister na my onderrig; neig julle oor tot die woorde van my mond. Ek wil my mond open met 'n spreuk, raaisels uit die voortyd laat stroom. Wat ons gehoor het en weet en ons vaders ons vertel het, sal ons nie verberg vir hulle kinders nie, maar aan die volgende geslag vertel die roemryke dade van die Here en sy mag en sy wonders wat Hy gedoen het. Hy tog het 'n getuienis opgerig in Jakob en 'n wet gegee in Israel, wat Hy ons vaders beveel het – om dit aan hulle kinders bekend te maak, sodat die volgende geslag dit kan weet, die kinders wat gebore word, dat hulle kan opstaan en vertel aan hulle kinders, en hulle vertroue op God kan stel en die dade van God nie vergeet nie, maar sy gebooie kan bewaar, en nie word soos hulle vaders nie, 'n koppige en wederstrewige geslag, 'n geslag met 'n onvaste hart en wie se gees nie trou was teenoor God nie. Hulle het die verbond van God nie gehou nie en geweier om te wandel in sy wet.

Die gevolg van die onteiening van die Here of slegs lippediens, was dat die kinders opgegroei het as **godsdienstig wetties** of **totaal goddeloos** (Jes. 29:13; Mat. 15:8).

Eintlik is dit so bedoel dat vaders hul kinders moet grootmaak dat hulle God se goedheid deur hulle moet ervaar en eerstehands leer wat gebeur wanneer die gesin saam bid. Die kinders in so 'n gesin sal 'n volwassenheid ontwikkel wat hulle sal motiveer om te groei en aan te hou om God se weë te leer lank nadat hulle reeds die huis verlaat het. Modellering is baie belangrik.

5. Fisiese Behoeftes

Indien die kinderdae erge berowing ingesluit het, mag die kind ‘n gebrek toon aan die beginselvastheid wat nodig is vir gesonde ontwikkeling.

Behuising is meer as ‘n dak op vier mure. Dit beskryf ‘n sekere soort verhouding.

Kos is ‘n basiese behoefte wat deur baie mense gebruik word op meer maniere as om net aan die lewe te bly. Is kos ooit in jou huis as vervanging vir intimiteit of gemak gebruik; as beloning of straf?

Klere, wat eens bedoel was om ons naaktheid te bedek, word deesdae meer gebruik om die naaktheid te vertoon! Modes is ook baie duur!

Gesondheidsorg word baie duur en baie kan nie langer die basiese mediese en tandesorg bekostig nie. Kinders wat groot word met siektes of ongeskikthede wat behandel kon word, veg ‘n innerlike stryd met bitterheid.

Vrae

1. Op die gebied van fisiese voorsiening, verduidelik wat jy in jou kinderdae geleer het i.v.m.:
    a. Behuising (die belangrikheid daarvan, doel, ens.)
    b. Kos / Water
    c. Klerasie
    d. Gesondheidssorg

2. Voel jy angstig of bang wanneer jy dink aan enige area van fisiese voorsiening?

3. As kind, het jy gerus gevoel dat jou ouers in elke behoefte sou voorsien wat jy ooit sou hê?

4. Hoe het jy gevoel wanneer jy jou behoeftes moes bekend maak aan jou ouers?

I TIM.5: 7, 8 Beveel ook hiedie dinge, sodat hulle onberispelik kan wees. Maar iemand wat vir sy eie mense, en veral sy huisgenote, nie sorg nie, het die geloof verloën en is slegter as 'n ongelowige.

God se Standaard vir Fisiese Voorsiening

1. Goddelike voorsiening is gekoppel aan verhouding met God.

2. Dit is moontlik om binne God se wil te wees en nog steeds te ly onder haweloosheid, honger, dors, naaktheid en/of fisiese probleme (Paulus), alhoewel dit baie min die geval is met gelowiges.

   Die deurlopende tema van die Ou en Nuwe Testament, is dat die Here begeer dat Sy volk geseënd moet wees in voorsiening en goeie gesondheid (Spr. 13:23; Rom. 8:35-39; Luk. 6:21; Open.7:14-17).

3. God het bepaal dat ouers, in gehoorsaamheid aan Hom, aan hul kinders sal voorsien totdat hulle oud genoeg is om God self te soek.

4. God kan en sal basiese behoeftes weerhou van volwassenes as 'n vorm van oordeel oor ongehoorsaamheid, ongeloof, ondankbaarheid en rebellie. Algemene voorsiening keer terug wanneer Sy kinders terugkeer na Hom toe (Eseg.4: 16,17; 12: 18-20; Joël 1: 14-18; Spr.13:25).

5. God belowe om te sorg vir die swakkes en behoeftiges indien hulle tot Hom roep in die afwesigheid van 'n vader of 'n eggenoot (Ps.145: 14-16; 146:7; Deut. 10: 17,18; Ps. 107:9).

6. God se hand van voorsiening kom dikwels deur Sy kinders. Dit word van ons verwag om te voorsien aan die armes en behoeftiges, weduwees en wese, ens. (Spr. 22:9; Jes.58: 7, 8; Jak. 2: 14-17; Hand.2:45).

Selfs al ontvang baie mense baie meer as hul basiese behoeftes, moet die ervaring van voorspoed nie noodwendig gesien word as seën nie. Net so moet lewe in armoede (of nederige omstandighede) nie altyd gesien word as uitvloeisel van God se ontevredenheid nie.

Die voorspoeddoktrine wat baie mense omhels het in die 1980's het skynbaar 'n geslag van geestelike bankrot gelowiges produseer wat God se goedheid vergelyk met fisiese rykdom en die afwesigheid van enige probleme.

Om te groei in geloof is om te leer om tevrede te wees ten spyte van ons omstandighede (Fil. 4: 11, 12; 1 Tim.6:8; Heb.13:5).

ONTHOU DEUT 8: 17, 18

> …en jy in jou hart dink: My krag en die sterkte van my hand het vir my hierdie rykdom verwerwe. Maar dink aan die Here jou God, dat dit Hy is wat jou krag gee om rykdom te verwerwe, dat Hy Sy verbond kan bevestig wat Hy aan jou vaders met 'n eed belowe het, soos dit vandag is.

Ons word geleer om van God te vra, omdat Hy graag oorvloedig is met Sy goedheid aan almal (Jak.1 :2-8).

Afhanklikheid van God laat toe dat ons aan Hom vashou in tye van armoede en behoefte, wetende dat Hy **sal** voorsien aan ons as ons Hom vra.

Afhanklik, maar hardwerkend, afwagtend maar tog tevrede, gaan ons deur die lewe, terwyl ons die hemelse teenstelling met die realiteit as gelowiges uitspeel.

Ons kyk na die Skepper met ‘n grootoog vertroue dat Abba, ons Hemelse Pappa God, Sy verantwoordelikheid sal erken om te sorg vir dié wat Hy geskep het en Hy doen dit perfek wanneer ons ons eie nuttelose pogings laat vaar om vir onsself te sorg onafhanklik van Hom.

Algemene Probleme van Onvervulde Fisiese Behoeftes

1. **<u>Behuising</u>**

   Onstabiliteit kan lei tot ……

- Gedurige verhuising.
- Stagnasie (weiering om te trek, selfs wanneer noodsaaklik).
- Vrees om huis te verloor of gedwing word om te trek.
- Neiging om bo finansiële vermoëns te lewe, met finansiële probleme tot gevolg.
- Gebrek aan verantwoordelikheid om te sorg vir die huis.
- Onbeweeglike vereistes dat alles op hul regte plekke moet wees.
- Onmagtig om te vestig.
- Gedurige onvergenoegdheid oor lewensituasie, insluitende verhoudings.
- Onvermoë om langtermynverhoudings te ontwikkel.
- Gebrek aan betekenisvolle verhoudings a.g.v. gereelde verhuising.

2. **<u>Kos / Water</u>**

Onsekerheid lei dikwels tot …

- Opgaring.
- Verkeerde eetgewoontes/verslawings.
- Gesondheidsprobleme verwant aan obesiteit en swak voeding.
- Emosionele afhanklikheidsprobleme.

- Isolasie van verhoudinge.
- Foutiewe sin van selfwaarde.
- Obsessief-kompulsiewe denke, en/of optrede.
- Beheptheid met fisiese voorkoms en gewig.
- Diepgaande buiewisseling.
- Steek kos weg.
- Troos jouself met kos.
- Jok oor die hoeveelheid kos geëet.
- Beheptheid met kos.
- Skuld en skaamte.

3. Klerasie

Gebrek aan genoegsame voorsiening kan lei tot …

- Diefstal.
- Oordrewe fokus op voorkoms en kleredrag.
- Kompromie met kledingsetiek a.g.v. groepsdruk.
- Finansiële probleme verwant aan oorspandering.
- Onbetaamlike kleredrag om aandag op self te trek.
- Verwante probleme binne die gesin a.g.v. onvanpaste fokus.
- Geweld.
- Oordrewe groot klerekas.
- Onakkurate sin van persoonlike waarde van identiteit.
- Obsessiewe besorgdheid om in die skande te kom deur jou klerekas.
- Weiering om geslagskenmerkende of goedkoop etikette te dra.
- Behoefte om klerekas te vertoon aan vriende en medewerkers.
- Onvanpaste kleding of higiëne gewoontes.
- Weiering om nodige of paslike klere te koop.

4. Gesondheidsorg

Gebrek aan voorsiening kan lei tot ….

- Onnodige fisiese kwale as volwassene wat verhoed kon word deur behoorlike behandeling.
- ‘n Oortuiging dat fisiese probleme verdra moet word, i.p.v. behandel.
- ‘n Neiging om gesondheidsprobleme in jou kinders te ignoreer, behalwe wanneer dit krities is.
- “Iepekonders” (obsessiewe kommer oor eie gesondheid).
- Finansiële probleme verwant aan die “iepekonders”.
- ‘n Neiging om siekte voor te gee om aandag te trek.

LET WEL: Hierdie aanduidings kan ook veroorsaak word deur ander faktore of ‘n kombinasie van probleme. Mense reageer verskillend op trauma en verlies. Vra die Here om jou te wys hoekom jy hierdie gedragspatrone aangeleer het en gedurende watter ouderdomme jy blootgestel was aan verlies of oormaat in elke kategorie.

6. Behoefte aan Beskerming

PS.36: 6-8 O Here, U goedertierenheid is tot in die hemele, U trou tot in die wolke. U geregtigheid is soos die berge van God; U oordele is ‘n groot watervloed. Here, U behou mense en diere! Hoe kosbaar is U goedertierenheid, O God! Daarom skuil die mensekinders onder die skaduwee van u vleuels.

Fisiese Misbruik

Enige nie-toevallige fisiese besering kan die volgende tot gevolg hê: houe, kneusings, littekens, gebreekte bene of ernstige interne of patologiese besering, insluitende breinbesering.

Indien jy fisies mishandel is, het jy geleer om aanraking te assosieer met pyn. Jy het geleer om gevoelens te assosieer met pyn. Dieselfde mense na wie toe jy gedraai het vir liefde en beskerming, het jou plaaggeeste geword. Jy kon geen veiligheid vind by jou ouers nie.

Seksuele Misbruik

Dit is enige kontak of interaksie (visueel, verbaal of sielkundig) tussen ‘n kind/adolessent en ‘n volwassene wanneer die kind/adolessent gebruik word vir die seksuele stimulasie van die vervolger of enige ander persoon.

Seksuele misbruik, of dit nou fisies of emosioneel is, is heel moontlik die skadelikste vir ‘n kind se siel, en laat die slagoffer in ‘n onontsnapbare tronk van pyn.

Seksueel misbruikte slagoffers het ‘n persepsie van selfveragting wat ver verby dié van slagoffers van ander soort misbruike strek.

Emosionele Misbruik

Dit is wanneer ‘n kind onderwerp is aan eise wat gestel word aan hom/haar wat verby sy/haar bekwaamheid strek, bv. terging, verkleinering, geskreeu en gevloek op ‘n kind, tesame met enige verbale aanvalle; daarmee saam, deur te verwag van die kind om die rol van ‘n afwesige of verwaarlosende eggenoot te vervul.

Gevolge

Kinders wat mishandel is, is dikwels emosioneel onstabiel. Hulle hou letterlik op om enige inligting op hartsvlak in te neem en hou aan om hul lewens te lewe asof die waardes wat hulle as kind aanvaar het, die waarheid is.

Hetsy fisies, seksueel of emosionele misbruik, kinders wat mishandel is, word groot onder die oortuiging van hierdie leuens en leef hierdie verdraaiings uit wat hulle in hul kinderdae geleer het.

Simptome van Fisiese Misbruik

- Ontoepaslike woede of toorn.
- Aggressiewe of gewelddadige gedrag.
- Chroniese depressie.
- Chemiese verslawing.
- Verslawing aan ‘n middel, bv. dwelms, kos, drank, ens.
- Mishandeling van huweliksmaat.
- Mishandeling van kinders.
- Weerstand teenoor outoriteitsfigure.
- Betrokkenheid in pornografie.
- Betrokkenheid in fantasieë of seermaak van ander.
- Probleme om intieme verhoudinge te ontwikkel of te behou.
- Emosionele probleem om kwesbaar te wees.
- Verbale en emosionele misbruik van ander.
- Neiging tot buierigheid en onvoorspelbaarheid.
- Neiging om te beheer en te manipuleer.

- Persoonlikheidsverdeling.

Simptome van Seksuele Misbruik

- Onredelike vrees.
- Verkeerde eetgewoontes.
- **Vroegrype** seksualiteit.
- Verlies van persoonlike identiteit.
- Onttrekking.
- Wantroue.
- Selfvernietigende gedrag.
- Seksuele promiskuïteit.
- Seksuele identiteitsverwarring.
- Passiewe afhanklikheid (die deurmatsindroom).
- Die behoefte om te beheer.
- Seksuele disfunksie.
- Selfmoordneigings.
- Probleme om intimiteit te ontwikkel of te behou.
- Persoonlikheidsverdeling.
- Probleme om woede te beheer.
- Chroniese depressie.
- Chemiese en/of bestanddeelverslawing.
- Deurlopende gevoelens van skaamte.

Simptome van Emosionele Misbruik wat nie ook Fisiese of Seksuele Misbruik ingesluit het nie

- Gevoelens van onbevoegdheid.
- Swak selfidentiteit.
- Gevoelens van verlatenheid of verwerping.
- Chroniese depressie.
- Seksuele promiskuïteit.
- Probleme om woede te beheer.
- Passiewe afhanklikheid.
- Onvermoë om intieme verhoudings te ontwikkel of te behou.
- Weerstand teenoor outoriteitsfigure.
- Passief-aggressiewe gedrag.
- Verslawingsneigings (veral werkolis).
- Perfeksionisme.
- Deurlopende gevoelens van skaamte.
- Die behoefte om ander te beheer.

7. Emosionele Behoeftes aan Vertroeteling

Baie areas wat die kind se kernoortuigings van die lewe, verhoudings en God affekteer, soos die verlening van simpatie, vryheid, vergifnis, empatie en uiteindelik skeiding, is noodsaaklik vir gesonde ontwikkeling.

Tot ongeveer die middel-70's was emosionele vertroeteling 'n deel van ouerlike opvoeding wat grootliks verontagsaam is deur beide die akademici en die Christen-gemeenskap. Die meeste van ons word groot in 'n era waar die vermoë om te voorsien in fisiese behoeftes die termometer van ouerlike sukses is.

Na die depressie van die 1920's en 1930's, moes Ma en Pa albei vir lang ure werk om in die gesin se mees basiese behoeftes te kon voorsien. Dít wat begin het as 'n behoefte om te oorleef het verander in 'n norm. Kinders moes met minder moederlike versorging klaarkom en met meer dagsorg.

Uiteindelik het die grootste verlies plaasgevind in die area van verhoudings. Mense het nie meer tyd, energie of die hart om te ervaar en te deel in die vreugde van emosionele intimiteit nie. Baie het gevorder tot "masters of task and losers at love". Mense het lank gelede die vermoë verloor om mekaar lief te hê diep vanuit die hart, indien hulle dit ooit gehad het.

Dus, wat is die probleem? Ons het al genoeg boeke gelees om teen hierdie tyd deskundiges te wees. Ons het elke Skrifgedeelte i.v.m. familie gememoriseer en het al talle werkswinkels en instellings bygewoon. Tog sukkel ons steeds met mislukking en verwarring. Selfs in Christen-huise waar ouers poog om 'n Bybelse standaard uit te leef en wat die konsepte ken, is die toepassing moeilik. Hoekom?

In teorie is die probleem dat jy nie aan ander kan gee wat jy nie self ervaar het nie.

Emosionele Behoeftes aan Vertroeteling

1. **<u>Saambinding / Gehegtheid</u>**

   Die eerste krisis wat ons teëkom in die lewe – wanneer die naelstring gesny is en die eerste onafhanklike asemteug geneem is – is 'n toestand van isolasie. Die angs van skeiding veroorsaak dat die nuwe baba skreeu van paniek. Na 'n kort oomblik word die klein bondeltjie in die moeder se arms geplaas om vertroos te word en sodat saambinding kan plaasvind.

> **<u>JES.66: 12, 13</u>** Want so sê die Here: Kyk, die vrede lei Ek na haar toe soos 'n rivier en die rykdom van die nasies soos 'n oorlopende stroom; en julle sal suig, julle sal op die heup gedra word en op die knieë getroetel word. Soos iemand wat deur sy moeder getroos word, so sal Ek julle troos; en julle sal in Jerusalem getroos word.

   Dit is die **<u>noodsaaklike verbinding</u>** wat die boodskap oordra van die **<u>goedheid van afhanklikheid</u>** en die **<u>gevoel van behoort.</u>** God het die lewe so ontwerp!! Gedurende die eerste twee jaar moet babas leer dat hulle kan vertrou; hulle omgewing is voorspelbaar; hul wêreld is relatief veilig.

   Skade aan die baba veroorsaak dat hy/sy terugtrek en isoleer. Saambinding word moeiliker en kan die kind se vermoë om te ontwikkel in hierdie belangrike karaktereienskap, bedreig.

   Gedurende hierdie eerste stadium van lewe begin babas 'n idee vorm van wie hulle is. Hulle reageer op vriendelike woorde en gebare van hul primêre versorgers en toon die eerste tekens van menswees en behoort.

2. **Behoort aan / Betekenis**

Kinders leer hul waarde en doel grootliks as ‘n direkte resultaat van hul ouers se aksies en emosionele uitdrukkings teenoor hulle. Gebare wat hul belangrikheid en eenheid met die gesin oordra, is krities noodsaaklik indien die kleintjie veilig en stabiel moet voel. ***Baie trane is al gestort deur verwarde en verwerpte kinders toe hulle probeer verstaan het hoekom Pappa of Mamma hulle nie wou hê nie.***

JOH.15: 5, 6 Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie. As iemand in My nie bly nie, word hy uitgewerp soos die loot en verdroog, en hulle maak dit bymekaar en gooi dit in die vuur, en dit verbrand.

Die toestand van isolasie van die Wingerdstok, is die ekwivalent van om afgesny te wees van ons moeder.

‘n **Doelgerigte poging** moet gemaak word om ‘n sin van “behoort aan” en betekenisvolheid te ontwikkel. Spesiale gesinsbande moet gevorm word.

Baie kinders het hul eie persoonlikhede en talente verpand in ‘n poging om hul ouers se goedkeuring te wen. Om te behoort, beteken dat daardie persoon spesiaal is net soos hy/sy is.

Indien dit nie die geval was met jou in jou gesin nie, neem troos uit God se reaksie tot al jou isolasie en teleurstelling.

PS.27:10 Want my vader en my moeder het my verlaat, maar die Here sal my aanneem.

PS.67: 5, 6 Die nasies sal bly wees en jubel, omdat U die volke regverdig oordeel en die nasies op die aarde lei. Die volke sal U loof, O God, die volke almal saam sal U loof.

3. **Liefde / Aanvaarding**

Baie van ons word groot en sing: *Jesus min my salig lot, dit leer my die Woord van God.*

Wanneer dit kom by die ervaring van liefde as klein kindertjies, leer ons verdraaiings van hierdie deuntjie en word groot met die gedagte dat dit alles 'n wonderlike gedagte is, maar heel waarskynlik nie waar nie.

Klein kindertjies benodig die soort liefde wat hul hoogste goed begeer en 'n glimlag daarmee saamdra. Sulke liefde word gedemonstreer in die uitdrukking van lofprysing wanneer 'n kind wen en die blik van simpatie wanneer hy/sy verloor.

Liefde is nie veldiep of vlak nie. Dit is onmoontlik om te "maak" – dit moet versigtig en sagkens **ontwikkel.**

'n Kind wat liefgehê word sal groot word met die oortuiging dat hy/sy enigiets kan doen. 'n Kind wat verwerp of geïgnoreer word, sal worstel om sy/haar pad te vind in die lewe.

Liefde laat ons lewe, en dit laat ons doodgaan. Dit offer homself vir die een wat ons liefhet en wys nie berou nie.

Die behoefte om liefde te **ervaar en te voel** is ontwerp in die hart van 'n kind deur God. Sonder **volgehoue demonstrasies** van "goeie aanraking" van ouers, sal kinders worstel met kernoortuigings van **verlatenheid en verwerping.**

4. **Self-begrip / Identiteit**

" …een van die mees belangrike dinge wat ons vir ons kinders kan doen, is om binne-in hulle 'n emosioneel gesonde en skriftuurlik akkurate selfbegrip te ontwikkel. Sonder selfwaarde sal ons kinders nie alleen 'n misrabele lewe lei nie, maar hulle sal ook magteloos wees om die potensiaal te bereik waartoe God hulle geroep het. Ek glo dat alle emosionele pyn uiteindelik vanuit drie worteloorsake spruit:

i. Gebrek aan selfwaarde.
ii. Gebrek aan intimiteit met ander.
iii. Gebrek aan intimiteit met God.
(Vanuit *Christian Child Rearing* deur Dr. Paul Meier)

Om ‘n gesonde selfbegrip te besit (d.i. ‘n God-gesentreerde konsep van onsself), vereis dat ons onsself sal sien soos ons werklik is. Dit beteken dat ons dankbaar sal wees vir ons sterkpunte en dat ons hulle sal gebruik om God en andere te dien. Ons erken egter ook ons swakpunte en poog om hulle te verander met God se hulp en met die hulp van ons gesinne en vriende.

Dit beteken dat ons vry is om keuses te maak en dat ons verantwoordelik is vir die keuses wat ons maak. Ons blameer niemand behalwe onsself wanneer ons nie slaag nie, en ons erken nederig komplimente wanneer ons slaag.

‘n God-gesentreerde konsep van onsself laat ons toe om te reageer op die waarheid sonder vrees dat dit sal verander.

‘n Konsep van self gebaseer op God se standaard laat ons ontspan, omdat ons weet dat hierdie standaard nie sal verander nie.

Eksterne Beheer

Wanneer ‘n kind se welstand **gedikteer word deur eksterne omstandighede,** ly die kind daaronder en is dit bykans onmoontlik vir hom om stabiliteit te ervaar. Enige krisis kan die kind se waarde of sin vir geluk verander. Dit is tipies te vinde in volwassenes wie se ouers misluk het om hulle **vryheid in besluitneming** te gee, bv. Ma kies die kind se klere, vriende, aktiwiteite en probeer selfs om die kind se gedagtes, gevoelens en oortuigings te beheer.

Innerlike Beheer

Innerlike punte van beheer beteken dat die individu se besluite primêr gedikteer word deur die individu se interne sin vir rigting – wat die persoon dink of voel – dit is wat tel!

Ons neem besluite gebaseer op wat ons sien, voel, en dink.

Volwassenes met hierdie probleem worstel dikwels met outoriteitsfigure, veral diegene wat hulle in die verlede gemanipuleer het.

Antwoord: Kyk op!

Ons moet ons waarde dié van ander baseer op God se fondasie. Omdat God nie verander nie, en ons liefhet en waardeer met perfekte liefde, is dit nie nodig dat ons onstabiliteit hoef te vrees nie. God se standaard vir ons waarde of selfkonsep is waarna ons moet kyk.

PS.139: 13, 14 Want U het my niere gevorm, my in my moeder se skoot geweef. Ek loof U, omdat ek so vreeslik wonderbaar is; wonderbaar is U werke! En my siel weet dit alte goed.

God het nie witbroodjies nie!

Om die verdraaiings te verbreek wat ons in ons kinderdae geleer het, is dit nodig dat ons elkeen die waarheid moet "herleer" wat God bedoel het ons moes ervaar. Soos ons groei "in die genade en kennis van ons Here en Verlosser Jesus Christus" (2 Pet. 3:18), en ons harte begin oopgaan vir Hom, kan sekere van die verliese wat ons opgedoen het in ons jeug, deurgewerk en betreur word.

Algemene Probleme van Onbeantwoorde Emosionele Behoeftes aan Vertroeteling

- Swak selfbegrip (uiterlike of innerlike punt van beheer).
- Verwerping en gevoelens van verlatenheid.
- Gevoelens van waardeloosheid.
- Onttrekking en isolasie.
- Ontoepaslike woede.
- Promiskue seksuele verhoudings.
- Wantrou van outoriteitsfigure.
- Probleme om aan te pas in gesonde verhoudings.
- Depressie.
- Neigings tot perfeksionisme.
- Negatief en krities teenoor self en andere.
- Uiterste verdraaiings oor God, self en andere.
- Gebrek aan doelstellings en mikpunte.
- Kompulsiewe gedrag.

8. Bybelse Standaarde vir Emosionele Behoeftes aan Vertroeteling

Die Skrif is vol vermanings aan ouers om in die weë van God te wandel sodat hul kinders geseënd kan wees.

Terselfdertyd is die Here se persoonlike betrokkenheid en emosionele intimiteit met Sy kinders nog altyd gesien as die fondasie vanwaar volwassenes hul vaardighede as ouers kon kry.

Wat beteken liefde werklik?

PS. 36: 6-11 O Here, U goedertierenheid is tot in die hemele, U trou tot in die wolke. U geregtigheid is soos die berge van God; U oordele is 'n groot watervloed. Here, U behou mense en diere! Hoe kosbaar is U goedertierenheid, O God! Daarom skuil die mensekinders onder die skaduwee van U vleuels. Hulle verkwik hul aan die vettigheid van U huis, en U laat hulle drink uit die stroom van U genietinge. Want by U is die fontein van die lewe; in u lig sien ons die lig. Laat U goedertierenheid voortduur vir die wat U ken, en U geregtigheid vir die opregtes van hart.

Twee verskillende soorte liefde wat die Skrif aanspreek:

1. Agapé-liefde - Dit is God se liefde vir ons.
2. Menslike liefde - 'n Bybelse opdrag aan ons.

Dit is belangrik om te onthou dat as ons na God se Woord kyk, Sy standaard nooit bedoel was om 'n las te wees nie. Ons is geskape met die natuurlike vermoë om liefde te gee en liefde te ontvang. Die onvermoë om liefde te gee word meestal **aangeleer** en is glad nie 'n innerlike karaktertrek nie.

God se Liefde

Die hoogste, suiwerste vorm van liefde word gevind in God se liefde. Daar is geen swak plek in Sy toewyding aan ons of in Sy optrede teenoor ons nie.

- God se liefde is **onfeilbaar** en **verdraagsaam.**
- Dit is oorvloedig en altyd beskikbaar.
- Dit is wonderlik en kosbaar (onbetaalbaar), doelgerig en baie groot.
- Dit is beter as die lewe, is getrou en onbeweeglik.
- Dit ondersteun ons in ons pyn en is regverdig wanneer ons foute opgehaal word.
- Dit is barmhartig, beskermend, langdurig en kalmerend.
- God se liefde is vir húlle wat Hom liefhet en vrees en dit vul die aarde.
- Ons leer dat Sy liefde Sy Hand van oordeel vertraag.
- Dit word op ons uitgestort en is demonstratief.
- Sy liefde kan nie van ons gesteel of weggedryf word nie.
- Sy liefde deurdring ons, dit vervul ons, dit is opofferend en sonder berou.
- Dit is volmaak en het die mag om vrees uit te dryf.
- Dit inisieër wanneer ons nie in staat is nie en kies tot ons voordeel in regverdige verontwaardiging.
- Sy liefde dissiplineer ons wanneer nodig, maar altyd tot ons beswil, en dit streef om ons te vertroos met die versekering van Sy vergifnis.
- Sy liefde is geduldig en goedhartig, betrouenswaardig en ons hoop waardig.
- God se liefde is die grootste van alle kwaliteite en karaktereienskappe.

EN GOD HET VOLMAAK LIEF!

Menslike Liefde

As Christene moet ons die kwaliteite van liefde weerspieël wat God demonstreer (ons kan dit natuurlik nie perfek doen nie!)

1 Kor. 13 leer ons dat liefde nie luidrugtig, soekend na eie belang, of selfsugtig is nie; dit is nie hoogmoedig of arrogant nie; nie besitlik of jaloers nie. Dit is nie opgeblase of ongeskik nie en reken die kwaad nie toe nie. Liefde hou nie rekord van foute nie. Nee, dit sê dat liefde geduldig, vriendelik, beskermend en aaneenlopend is. Liefde haat die bose en verheug hom in die waarheid.

Van al die kenmerke wat ons moet nastreef, word die vermoë om lief te hê as die hoogste beskou.

Paulus se brief aan die Filippense spreek hierdie ingesteldheid aan wat Christene behoort te hê vir mekaar.

FIL.1: 9-11 En dit bid ek dat julle liefde nog meer en meer oorvloedig mag word in kennis en alle ervaring, om die dinge waar dit op aankom, te onderskei, sodat julle rein en vir niemand 'n aanstoot mag wees nie, tot op die dag van Christus, vervul met die vrug van geregtigheid wat daar is deur Jesus Christus tot heerlikheid en lof van God.

FIL.2: 1-5 As daar dan enige troos in Christus is, as daar enige vertroosting van die liefde, as daar enige gemeenskap van die Gees, as daar enige innige teerheid en ontferming is, maak dan my blydskap volkome deur eensgesind te wees en dieselfde liefde te hê, een van siel, een van sin. Moenie iets doen uit selfsug of uit ydele eer nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoer ag as homself. Julle moet nie elkeen na sy eie belange omsien nie, maar elkeen ook na die ander s'n. Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was.

KOL.3: 12-15 Beklee julle dan, as uitverkorenes van God, heiliges en geliefdes, met innerlike ontferming, goedertierenheid, nederigheid, sagmoedigheid, lankmoedigheid. Verdra mekaar en vergewe mekaar as die een teen die ander 'n klag het; soos Christus julle vergeef het, so moet julle ook doen. En beklee julle bo dit alles met die liefde wat die band van die volmaaktheid is. En laat die vrede van God, waatoe julle ook in een liggaam geroep is, in julle harte heers, en wees dankbaar.

9. Leer jouself die Waarheid

JOH.8: 31-32 En Jesus sê vir die Jode wat in Hom geglo het: As julle in my woord bly, is julle waarlik my dissipels. En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak.

Kernoortuigings is moeilik om te verander.

As gevolg van ons onbeantwoorde emosionele behoeftes, weet baie volwasse Christene, alhoewel wedergebore, nogsteeds nie wat liefde werklik is nie. Hulle soek nogsteeds na 'n mamma om hulle lief te hê en 'n pappa om waarde te gee aan hulle bestaan. Restourasie kan begin as hulle vir die Here vertel dat hulle nie Sy liefde kan voel nie en openlik voor Hom kan huil.

Die pad 'huis toe' is gewoonlik 'n pynlike een. Ons **ken** die Waarheid, maar kan dit nie voel nie en gevolglik kan ons nie onsself sover kry om dit te omhels nie. Om 'n "goeie meisie" of "goeie seun" te wees, is nie die hoogste mikpunt nie. Deur te leer om die mure rondom om harte stukkie vir stukkie af te breek, kan en sal ons 'n vlak van emosionele intimiteit met die Here en ander ervaar wat ons nog nooit voorheen geken het nie.

Stel beskeie mikpunte vir jouself. Vertel die Here van jou besorgdhede en gevoelens so eerlik as wat jy kan. Moenie bang wees om Hom te vra vir die vermoë om Hom in jou hart te kan voel nie, of om Sy wil vir jou te kan verstaan nie.

Wanneer jy in 'n private oomblik voor die Here begin huil, laat jouself toe om openlik voor Hom te ween en te treur. Dit mag ongemaklik of vreemd voel aan die begin, maar dit is nodig. Indien hardheid en onverskilligheid jou van Hom verwyder, sal jy vind dat jy 'n groter geneigdheid tot trots en onafhanklikheid het.

Deur jouself toe te laat om na die Here te kom met 'n oop hart, sal lei tot 'n spontane begeerte om te bely sonder dat Hy eers 'n woord gesê het.

Moenie wag vir daardie spesiale “ondervinding” soos wat jy aanstap met die pad nie en probeer om nie jou sukses te meet aan ‘n spesifieke gevoel nie.

Indien emosionele intimiteit ‘n area in jou lewe is wat vir jou moeilik was vir ‘n lang tyd, kan dit ‘n tyd neem om deur al jou verdraaide kernoortuigings te werk. Afhangende van die areas en graad van pyn, kan jy vinnige groei ervaar, of jou groei kan plaasvind oor ‘n langer tydperk.

Realisties gesien, kan hierdie proses voortduur deur jou hele lewe. Nuwe openbarings van areas wat die Here wil genees of herstel, sal gedurig voorkom totdat Hy jou huis toe neem.

Soms wanneer mense deur hul probleme werk, vervang hulle “om te wees” met “om te doen”. Werkoliste sukkel om hul verslaafde vorm van optrede aan te spreek. Om lank genoeg stil te sit om te dink oor hierdie kernoortuigings, produseer soveel ongemak en angs, dat sulke mense baie vinnig wil terugkeer na die meul voordat die lesse geleer of veranderinge gemaak kon word.

Ware restourasie vind altyd plaas in die konteks van verhouding.

Selfs al het die misbruik lankal reeds opgehou, bly die gevolge daarvan steeds. Baie van ons het mure opgerig om onsself te beskerm ten alle koste, en daardeur maak ons ander seer.

Deur ons emosies af te sluit van ander, maak ons ‘n selfsugtige besluit om nie van onsself op ‘n gesonde wyse te gee nie. Ons mag dalk woede en bitterheid bêre wat huidige verhoudings kan beskadig en ons mag neig om vas te hou aan wonde van die verlede veel langer as wat nodig is.

As ons die Here toelaat om aan ons die dinge te wys wat ons slagoffers maak, maak dit ons vry om te begin met die proses van verandering van binne. Deur die krag en moed te ontwikkel om te groei, word ons bekragtig om te ontwikkel en verantwoordelik op te tree.

Ware vergifnis = ware berou en dit verlang altyd om die gewonde persoon herstel te sien en dit wat verkeerd is, reg te maak.

Uiteindelik, om te verander, is dit belangrik om hierdie kernoortuigings wat jy geleer het tussen jou geboorte en die ouderdom van 10, te identifiseer en vas te stel hoe hierdie oortuigings nou in jou volwasse lewe manifesteer. Vergelyk jou huidige kernoortuigings met die Skrif. Wat is die areas van teenstrydigheid?

Voorbeeld

a. Ek is veronderstel om op die Here te vertrou met my hele hart, maar ek doen dit nie. Ek kan Hom nie vertrou nie, omdat Hy my in die verlede in die steek gelaat het.
b. Die Skrif sê dat my ouers veronderstel was om my te beskerm en in my behoeftes te voorsien, maar ek blameer God vir hul mislukking om dit te doen. Ek glo in elke geval dat Hy my behoeftes moes vervul het.

Wat spesifiek moet jy doen om te verander? Skryf dit neer.

Soms is die probleem dat ons nie werklik glo ons kan verander nie, a.g.v. herhaaldelike mislukking om sekere sondes te oorkom. Omdat jy hopeloos en skuldig voel, mag jy probeer om die probleem wat moet aangespreek word, te vermy, i.p.v. om hierdie gevoelens van verslaenheid of binding vas te vat.

Baie slagoffers van kindermishandeling het geleer dat hulle geen mag het nie, en gevolglik gee hulle baie maklik op. Beheer is uit hul hande geneem en hul voel magteloos om hul situasie te verander, net soos in hul kinderdae. [Hierdie is ‘n kern oortuiging!] Niemand hou daarvan om so te voel nie, maar dit is normaal.

Onthou ons stryd is geestelik en die vyand wil nie hê ons moet God liefhê en dien nie. Hierdie geveg sal nie maklik gewen word nie! In jou eie krag sal jy dit nie maak nie, maar deur die krag van die Heilige Gees kan ons voortdurend vernuwe, verander en bekragtig word deur die outoriteit van God en met Sy hulp! Dit is die Here wat ons genees en ons in staat stel om vry te kom van die wonde van ons verlede.

Ten slotte

God se ontwerp vir afhanklikheid is tot jou eie voordeel en is vol wonderlike avonture op jou pad huis toe!

- Indien jy die tyd gaan neem om God te vra om jou te help om die verlede se pyn weg te neem, sal Hy dit doen.
- Indien jy Hom gaan toelaat om jou genesingsproses te beheer, sal dit gladder verloop.
- Indien jy ander toelaat om jou by te staan in jou stryd, sal jy vind dat die hartseer verminder.
- Indien jy jouself toelaat om afhanklikheid van God te geniet, sal
  die worstelinge van die lewe jou nie oorweldig nie.

Sien julle wanneer ons eendag tuis kom!
Amanda.